No 25 - 2023] FIFTH SESSION, SIXTH PARLIAMENT

# PARLIAMENT OF THE PROVINCE OF THE WESTERN CAPE

===============

# ORDER PAPER

===============

THURSDAY, 23 NOVEMBER 2023

**HOUSE: 14:15**

**MOTIONS**

1. The Chief Whip of the Majority Party (Ms W F Kaizer-Philander): That the existing contract of the Registrar of Members' Interests, Adv P Burgers, be extended on the same terms and conditions for a period of no longer than two months with effect from 1 December 2023.

2. The Chief Whip of the Majority Party (Ms W F Kaizer-Philander): That, notwithstanding the provision of Rule 18, the hours of sitting on Tuesday, 28 November 2023, Tuesday, 5 December 2023, and Thursday, 7 December 2023, shall be from 10:00 to adjournment.

**Municipal Economic Review and Outlook – Minister of Finance and Economic Opportunities.**

**INTERPELLATIONS AND QUESTIONS**

**QUESTIONS TO THE PREMIER WITHOUT NOTICE**

Mr P J Marais
Mr D Plato
Ms C A T Murray
Mr C M Dugmore
Ms R Windvogel
Ms A Cassiem
Mr P T de Villiers

**STATEMENTS BY MEMBERS**

**EXECUTIVE STATEMENT**

**MOTIONS *(Continued)***

**ORDERS OF THE DAY**

1. Consideration of report of the Standing Committee on Agriculture, Environmental Affairs and Development Planning on the Agricultural Product Standards Amendment Bill [B 15B–2021] (NCOP), dated 25 October 2023 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 124, dated 3 November 2023, p 439) (Ratification of final mandate.)

2. Consideration of report of the Standing Committee on Agriculture, Environmental Affairs and Development Planning on the National Veld and Forest Amendment Bill [B 24B–2021] (NCOP), dated 25 October 2023 (see Announcements, Tablings and Committee Reports, no 124, dated 3 November 2023, p 439) (Ratification of final mandate.)

---

**FURTHER BUSINESS**

**NOTICES OF MOTION** ***(23 November 2023)***

1. Ms C A T Murray: That the House commends the DA-led Western Cape Government for its exceptional job-creation achievements and recognises the profound impact on the lives of our constituents; notes the latest Quarterly Labour Force Survey (QLFS) statistics revealed that the Western Cape has created an impressive 305 000 jobs in the past year, accounting for 31,15% of South Africa's net employment gains; further notes that this province now boasts the lowest unemployment rate among all provinces, standing at 20,2%, a significant drop of 4,3 percentage points in just one year; notes that the expanded unemployment rate in the Western Cape, currently the nation's lowest at 25,6%, reflects its dedication to inclusive workforce development; and notes that these remarkable statistics are a testament to the DA-led Western Cape Government's commitment to fostering a business-friendly environment, catalysing private sector growth and providing employment opportunities.

2. Mr C M Dugmore: That the House notes and extends heartfelt congratulations to former Western Cape Premier and Ambassador to the US, Comrade Ebrahim Rasool, on his distinguished appointment as the Chairperson of the Development Bank of Southern Africa (DBSA); wishes him the best of luck in discharging his duties; notes that Ambassador Rasool, known for his unwavering honour and integrity, stands as the ideal candidate to propel the mission of the DBSA forward; and extends our utmost support and optimism for his tenure and the positive impact he is sure to have to the institution.

3. Ms R Windvogel: That the House notes and commends the Limpopo MEC of Health, Phophi Ramathuba, for the delivery of 35 ambulances to the Nkhensani Hospital, Mopani District, in keeping her commitment to the procurement of 500 new ambulances made during the 2023/24 budget speech early this year; further notes that Limpopo has a population of just over 6 million, lagging behind the Western Cape whose population is over 7 million, and yet Limpopo is procuring almost double the number of ambulances as the Western Cape fleet, which currently stands at 269 ambulances; and urges the Western Cape Government to follow suit and purchase more ambulances so that our people do not die in health facilities or at home while waiting for ambulances.

4. Mr C M Dugmore**:** That the House notes and extends warmest wishes to President Cyril Ramaphosa on the occasion of his birthday on 17 November 2023; notes that President Ramaphosa's commitment to progress, unity and positive change has been an inspiration to us all; expresses gratitude for his service and wishes him continued success and fulfilment in the year ahead; and may his day be as exceptional as the positive impact he has on South Africa.

**NOTICES OF MOTION *(28 September 2023)***

1. Ms C A T Murray: That the House notes the lack of transparency on steps taken protect the over 136 000 jobs in the Western Cape affected by the renewal of the African Growth and Opportunity Act from the Minister of Trade, Industry and Competition, Ebrahim Patel, during a briefing to the NCOP this week; and further notes that this crucial meeting was cut short without an opportunity for Members of the Western Cape Provincial Parliament to get full clarity on many of their residents' concerns.

2. Ms C A T Murray: That the House notes with disappointment that the Department of Home Affairs has still not implemented a remote working visa and is unable to provide any indication when this will be done; further notes that the remote working visa is a guaranteed gateway to job creation that was announced almost two years ago; and notes that the lack of urgency in finalising this visa is typical of the ANC national government's lacklustre approach to job creation.

3. Ms W F Kazier Philander: That the House notes with approval the nomination of Chris Pappas as the DA's Premier candidate for KwaZulu-Natal in the 2024 elections; notes that Pappas received international recognition when TIME Magazine honoured him as one of 24 young leaders in the leadership category on the TIME100 Next list earlier this month; notes that TIME commended his transformative impact on the uMngeni Municipality since taking office in November 2021; notes that his achievements include restoring the municipality's fiscal balance, a feat not seen in more than a decade, and facilitating the integration of 175 new homes into the electricity grid; further notes that under Pappas' leadership, uMngeni was declared debt-free in less than a year into governance; and sends its best wishes to Premier candidate Chris Pappas in his mission to save KwaZulu-Natal, one of the country's biggest economic contributors.

4. Mr C M Dugmore: That the House commends the countless men and women who continue to mop up and clean up after the devastating rains and floods that besieged our province this past weekend; acknowledges the tremendous work done by Disaster Management staff, emergency personnel, non-government organisations, churches, mosques and community organisations as they stood together to lighten the burden of the poor, especially those in the rural areas and in other locations, that were most affected by these floods; and condemns municipalities in this province that fail to invest in infrastructure and proper maintenance of sewerage and drainage systems.

*See also:* Mr F C Christians (p 4); Mr P J Marais (p 4); Ms L M Maseko (p 5); Mr M K Sayed (p 6); Mr C M Dugmore (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Mr M Kama (p 6); Ms A P Bans (p 6); Ms A P Bans (p 7); Mr M K Sayed (p 7); Ms N D Nkondlo (p 7); Ms N G Bakubaku-Vos (p 7); Mr M K Sayed (p 8); Ms D M Baartman (p 8); Mr T M Klaas (p 8); Mr C M Dugmore (p 11); Ms A Cassiem p 12; Mr T M Klaas (p 12); Ms A P Bans (p 12); Ms N D Nkondlo (p 12); Ms A P Bans (p 13); Ms N G Bakubaku-Vos (p 13); Ms R Windvogel (p 13); Mr F C Christians (p 14); Mr I M Sileku (p 14); Ms N G Bakubaku-Vos (p 15); Mr M K Sayed (p 15); Ms A P Bans (p 15); Mr M Kama (p 15); Mr C M Dugmore (p 16); Mr G Bosman (p 17); Mr F C Christians (p 17); Mr C M Dugmore (p 18); Ms D M Baartman (p 18); Mr T M Klaas (p 18); Ms A P Bans (p 18); Mr K Brinkhuis (p 21); Ms A P Bans (p 21); Mr C M Dugmore (p 21); Mr M Kama (p 6); Ms R Windvogel (p 6); Ms P Z Lekker (p 21); Mr F C Christians (p 21); Mr L L Mvimbi (p 21); Mr M K Sayed (p 21); Mr F C Christians (p 23); Ms A P Bans (p 23); Ms N G Bakubaku-Vos (p 23); Ms R Windvogel (p 23); Mr P Marran (p 23); Mr L L Mvimbi (p 24); Ms P Z Lekker (p 24); Ms A Cassiem (p 24); Mr T M Klaas (p 24); Mr K Brinkhuis (p 24); Mr T M Klaas (p 25); Mr I M Sileku (p 25); Mr L L Mvimbi (p 25); Ms P Z Lekker (p 25); Mr M K Sayed (p 25); Mr M K Sayed (p 26).

No 25 - 2023] VYFDE SESSIE, SESDE PARLEMENT

# PARLEMENT VAN DIE PROVINSIE WES-KAAP

===============

# ORDELYS

===============

DONDERDAG, 23 NOVEMBER 2023

**HUIS: 14:15**

**VOORSTELLE**

1. Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (me W F Kaizer-Philander): Dat die bestaande kontrak van die Registrateur van Lede se Belange, adv P Burgers, met ingang van 1 Desember 2023 met dieselfde bepalings en voorwaardes verleng word vir ŉ tydperk van nie meer as twee maande.

2. Die Hoofsweep van die Meerderheidsparty (me W F Kaizer-Philander): Dat, nieteenstaande die bepaling van Reël 18, die ure van die sitting op Dinsdag, 28 November 2023, Dinsdag, 5 Desember 2023, en Donderdag, 7 Desember 2023, van 10:00 tot verdaging sal wees.

**Munisipale Ekonomiese Oorsig en Vooruitskouing – Minister van Finansies en Ekonomiese Geleenthede.**

**INTERPELLASIES EN VRAE**

**VRAE AAN DIE PREMIER SONDER KENNISGEWING**

Mnr P J Marais
Mnr D Plato
Me C A T Murray
Mnr C M Dugmore
Me R Windvogel
Me A Cassiem
Mnr P T de Villiers

**VERKLARINGS DEUR LEDE**

**UITVOERENDE VERKLARING**

**VOORSTELLE *(Vervolg)***

**DAGORDERS**

1. Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning oor die Wysigingswetsontwerp op Landbouprodukstandaarde ("Agricultural Product Standards Amendment Bill") [W 15B–2021] (NRVP), gedateer 25 Oktober 2023 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 124, gedateer 3 November 2023, bl 440). (Bekragtiging van finale mandaat.)

2. Oorweging van verslag van die Staande Komitee oor Landbou, Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning oor die Nasionale Wysigingswetsontwerp op Veld- en Bosbrande ("National Veld and Forest Fire Amendment Bill") [W 24B–2021] (NRVP), gedateer 25 Oktober 2023 (sien Aankondigings, Tertafelleggings en Komiteeverslae, no 124, gedateer 3 November 2023, bl 440). (Bekragtiging van finale mandaat.)

---

## VERDERE WERKSAAMHEDE

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(23 November 2023)***

1. Me C A T Murray: Dat die Huis die DA-geleide Wes-Kaapse Regering aanprys vir sy uitsonderlike werkskeppingsprestasies en erkenning gee aan die diepgaande impak op die lewens van ons kiesers; kennis neem van die jongste statistiek van die Quarterly Labour Force Survey (QLFS) wat aan die lig gebring dat die Wes-Kaap ŉ indrukwekkende 305 000 werkgeleenthede in die afgelope jaar geskep het, wat 31,15% van Suid-Afrika se netto werkswins verteenwoordig; verder kennis neem dat hierdie provinsie nou spog met die laagste werkloosheidskoers van al die provinsies, met 20,2%, ŉ aansienlike daling van 4,3-persentasiepunte in net een jaar; kennis neem dat die uitgebreide werkloosheidsyfer in die Wes-Kaap, tans die land se laagste met 25,6%, sy toewyding aan inklusiewe arbeidsmagontwikkeling weerspieël; en kennis neem dat hierdie merkwaardige statistiek ŉ bewys is van die DA-geleide Wes-Kaapse Regering se verbintenis tot die bevordering van ŉ sakevriendelike omgewing, die aansporing van die groei van die privaat sektor en die verskaffing van indiensnemingsgeleenthede.

2. Mnr C M Dugmore: Dat die Huis kennis neem van en die voormalige Wes-Kaapse Premier en ambassadeur na die VSA, kameraad Ebrahim Rasool, gelukwens met sy uitsonderlike aanstelling as die Voorsitter van die Ontwikkelingsbank van Suider-Afrika (OBSA); hom alle sterkte toewens met die uitvoering van sy pligte; kennis neem dat ambassadeur Rasool, bekend vir sy onwrikbare eergevoel en integriteit, die ideale kandidaat is om die missie van die DBSA in die toekoms aan te voer; en ons volle ondersteuning en optimisme vir sy ampstermyn en die positiewe impak wat hy beslis op die instelling sal hê, uitspreek.

3. Me R Windvogel: Dat die Huis kennis neem van en die LUR van Gesondheid, Phophi Ramathuba, in Limpopo aanprys vir die verskaffing van 35 ambulanse aan die Nkhensani-hospitaal, Mopani-distrik, deurdat sy haar verbintenis nagekom het tot die verkryging van 500 nuwe ambulanse wat tydens die 2023/20-begrotingsrede vroeg vanjaar gemaak is; verder kennis neem dat Limpopo ŉ bevolking van net meer as 6 miljoen het, wat minder as die Wes-Kaap is, waar bevolking meer as 7 miljoen is, en tog is Limpopo besig om byna dubbel die getal ambulanse aan te skaf as die Wes-Kaapse vloot, wat tans op 269 ambulanse staan; en die Wes-Kaapse Regering versoek om hierdie voorbeeld te volg en meer ambulanse aan te koop sodat ons mense nie in gesondheidsfasiliteite of by die huis sterf terwyl hulle vir ambulanse wag nie.

4. Mnr C M Dugmore: Dat die Huis kennis neem van en President Cyril Ramaphosa hartlik gelukwens by geleentheid van sy verjaardag op 17 November 2023; kennis neem dat President Ramaphosa se verbintenis tot vooruitgang, eenheid en positiewe verandering ŉ inspirasie vir ons almal is; dankbaarheid uitspreek vir sy diens en hom voortgesette sukses en selfverwesenliking toewens in die jaar wat voorlê; en mag sy dag so uitsonderlik wees soos die positiewe impak wat hy op Suid-Afrika het.

**KENNISGEWING VAN VOORSTELLE *(28 September 2023)***

1. Me C A T Murray: Dat die Huis kennis neem van die gebrek aan deursigtigheid oor stappe wat geneem is om die meer as 136 000 werkgeleenthede in die Wes-Kaap te beskerm wat geraak word deur die hernuwing van die Wet op Groei en Geleenthede in Afrika ("African Growth and Opportunity Act") deur die Minister van Handel, Nywerheid en Mededinging, Ebrahim Patel, tydens ŉ inligtingsvergadering met die NRVP hierdie week; en verder kennis neem dat hierdie belangrike vergadering kortgeknip is sonder ŉ geleentheid vir Lede van die Wes-Kaapse Provinsiale Parlement om volle duidelikheid te kry oor baie van hul inwoners se bekommernisse.

2. Me C A T Murray: Dat die Huis met teleurstelling kennis neem dat die Departement van Binnelandse Sake steeds nie ŉ afstandwerkvisum geïmplementeer het nie en geen aanduiding kan gee wanneer dit gedoen sal word nie; verder kennis neem dat die afstandwerkvisum ŉ gewaarborgde weg tot werkskepping is wat amper twee jaar gelede aangekondig is; en kennis neem dat die gebrek aan dringendheid in die finalisering van hierdie visum tekenend van die ANC- nasionale regering se futlose benadering tot werkskepping is.

3. Me W F Kazier Philander: Dat die Huis met goedkeuring kennis neem van die benoeming van Chris Pappas as die DA se Premierskandidaat vir KwaZulu-Natal in die 2024-verkiesing; kennis neem dat Pappas internasionale erkenning ontvang het toe TIME Magazine hom vroeër hierdie maand as een van 24 jong leiers in die leierskapkategorie op die TIME100 Next-lys vereer het; kennis neem dat TIME sy transformerende impak op die uMngeni-munisipaliteit geprys het sedert hy sy amp in November 2021 opgeneem het; kennis neem dat sy prestasies die herstel van die munisipaliteit se fiskale balans insluit, ŉ prestasie wat in meer as ŉ dekade nie gesien is nie, en die fasilitering van die integrasie van 175 nuwe huise in die elektrisiteitsnetwerk; verder kennis neem dat uMngeni onder Pappas se leierskap skuldvry verklaar is in minder as ŉ jaar onder sy bestuur; en beste wense aan Premierskandidaat Chris Pappas stuur in sy missie om KwaZulu-Natal, een van die land se grootste ekonomiese bydraers, te red.

4. Mnr C M Dugmore: Dat die Huis die tallose mans en vroue aanprys wat voortgaan om op te ruim en skoon te maak ná die verwoestende reën en vloede wat ons provinsie die afgelope naweek getref het; erkenning gee aan die uitsonderlike werk wat die personeel van Rampbestuur, noodpersoneel, nieregeringsorganisasies, kerke, moskees en gemeenskapsorganisasies gedoen het toe hulle saamgestaan het om die las van die armes te verlig, veral dié in die landelike gebiede en op ander plekke, wat die meeste deur hierdie vloede geraak is; en munisipaliteite in hierdie provinsie veroordeel wat versuim om in infrastruktuur en die behoorlike instandhouding van riool- en dreineringstelsels te belê.

*Kyk ook:* Mnr F C Christians (bl 4); mnr P J Marais (bl 4); me L M Maseko (bl 5); mnr M K Sayed (bl 6); mnr C M Dugmore (bl 6); me R Windvogel (bl 6); mnr M Kama (bl 6); me A P Bans (bl 6); me A P Bans (bl 7); mnr M K Sayed (bl 7); me N D Nkondlo (bl 7); me N G Bakubaku-Vos (bl 7); mnr M K Sayed (bl 8); me D M Baartman (bl 8); mnr T M Klaas (bl 8); mnr C M Dugmore (bl 11); me A Cassiem (bl 12); mnr T M Klaas (bl 12); me A P Bans (bl 12); me N D Nkondlo (bl 12); me A P Bans (bl 13); me N G Bakubaku-Vos (bl 13); me R Windvogel (bl 13); mnr F C Christians (bl 14); mnr I M Sileku (bl 14); me N G Bakubaku-Vos (bl 15); mnr M K Sayed (bl 15); me A P Bans (bl 15); mnr M Kama (bl 15); mnr C M Dugmore (bl 16); mnr G Bosman (bl 17); mnr F C Christians (bl 17); mnr C M Dugmore (bl 18); me D M Baartman (bl 18); mnr T M Klaas (bl 18); me A P Bans (bl 18); mnr K Brinkhuis (bl 21); me A P Bans (bl 21); mnr C M Dugmore (bl 21); mnr M Kama (bl 6); me R Windvogel (bl 6); me P Z Lekker (bl 21); mnr F C Christians (bl 21); mnr L L Mvimbi (bl 21); mnr M K Sayed (bl 21); mnr F C Christians (bl 23); me A P Bans (bl 23); me N G Bakubaku-Vos (bl 23); me R Windvogel (bl 23); mnr P Marran (bl 23); mnr L L Mvimbi (bl 24); mnr P Z Lekker (bl 24); me A Cassiem (bl 24); mnr T M Klaas (bl 24); mnr K Brinkhuis (bl 24); mnr T M Klaas (bl 25); mnr I M Sileku (bl 25); mnr L L Mvimbi (bl 25); me P Z Lekker (bl 25); mnr M K Sayed (bl 25); mnr M K Sayed (bl 26).